

**1 Junie**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:12-21**

**Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:21**

**Om “groot te praat” ... oor God!**

“Grootpraat” (“lofprijsing” baie meer letterlik vertaal) het normaalweg vir ons almal maar 'n baie negatiewe en ietwat onaangename konnotasie, behalwe in gevalle waar iemand iets sou sê wat absoluut waar is, en verder as so 'n persoon in so 'n geval nie na homself sou verwys nie.

As ons egter oor God sou moes praat, is dit natuurlik iets heeltemal anders – in so 'n mate dat dit in werlikheid vir ons baie moeilik sou wees om die regte woorde van lof en opregte dankbaarheid te vind om sy absolute uniekheid (dit is: Wie Hy werklik is) en sy unieke optrede (bv. “magtige wonderdade” – vs 21) in die wêreld en in ons lewe te beskryf (vgl. NGB Art 1).

Ons besef egter almal dat lofprijsing 'n absolute en onmisbare deel van ons godsdiensbeoefening moet uitmaak. Hoe doen ek so-iets wat feitlik aan die onmoontlike grens?

Ek sou hiervoor maar slegs op een plek kon begin, by myself – in my eie hart. Vers 16 (OAV) plaas my dan ook voor die pynlik en onafwendbare: ek moet my “hart besny” – hier diep binne-in my moet daar dus 'n baie pynlike proses plaasvind – 'n radikale verandering en 'n totaal nuwe hartsgeïndheid wat tot stand kom, wat anders daar uitsien en alle eie misplaaste eiewilligheid en hardkoppigheid (of is dit nou “hart-koppigheid”?) uit my hart en lewe “uitsny”!

Dit alles geskied natuurlik onder leiding van sy Gees en kring noodgedwonge uit na al my woorde en dade (12). So kom ek dan onder die indruk van die verreikende en praktiese implikasies wat dit vir my geloofswêreld sou inhou: So sal ek voortaan ophou om myself te bluf – dat ek nie meer sou probeer om allerhande omkoopgeskenke (17) in die vorm van uiterlike godsdiens en lippediens aan God die Vader op te dring nie. Verder, dat ek sal ophou om te verwag dat Hy my, omdat ek dink dat ek bloot uit myself so spesiaal is, as witbroodjie (vs 17: “om sekere gesiggies uit te lig”) uitgesonder te word.

Nee, ware lof voorspel die einde van goedkoop en oppervlakkige godsdienstigheid, omdat ware lof uiteindelik slegs neerkom op 'n baie besondere en persoonlike (“hartlike”) verhouding met Hom. Die treffende woordjie “aanhang” (20) sê dit alles. Dit vertel vir my in besonder van die persoonlike nabyheid (of ook: “persoonlike band”, of om aan iemand “gebind” te wees) wat daar kan en behoort te bestaan tussen twee sulke partye (vgl. ook Gen 2:24). Ek en Hy (God) is dus “gebind” in so 'n hartlike verhouding. So is ek onherroeplik aan Hom gebind deur die “bloedband” van sy Seun Jesus! Ek herinner my aan sy Vader se wonderlike woorde (Jer 13:11) wat steeds in my ore (en hart) weerklink: “Soos 'n gordel stewig vas is om die lyf van 'n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan my vasgemaak.”

Ek kan en moet altyd oor Hom praat, juis omdat Hy my so na aan die hart lê!

*Sing: Psalm 150:1*

*Ds DPJ Erasmus (Jeffreysbaai)*